



Die Eerste Man en Eerste vrou

Southern African Folktale
Afrikaans






Lank, lank gelede toe die aarde nog nuut was, het groot berge die aarde bedek soos 'n kombes en daar was groot bome wat hoog gegroei het.

In die wêreld was daar 'n diep, donker poel.




Aan die onderkant van hierdie poel was daar twee slange. Een het dik, groot patrone gehad en die ander een was kleiner en fyner.





En toe eendag was daar 'n groot strom. 'n Weerligstraal het deur die water tot aan die onderkant van die poel geslaan. Die water was vir 'n oomblik oop en die slange het gesien hoe mooi die aarde bo die water was. Al die kleure en vorms en geveerde diere. Wanneer die waters weer toegemaak het kon die slange nie vergeet van die skoonheid wat hulle gesien het nie.



"Ons kan nie langer in hierdie diep, donker poel bly nie," het hulle vir mekaar gesê. "Kom laat ons op swem en die aarde daarbo gaan sien." "Hoe gaan ons op die aarde lewe?" het die kleiner slang gevra. "Gaan ons dan op ons mae rond syl?"

"Die voëls in die lug sal nie vir ons lag omdat ons so laag is nie," het haar vriend gesê.

"Ons sal nie syl nie, ons sal loop!"

Baie stadig het hulle hulself begin reguit maak.

Naby aan mekaar het hulle begin boontoe swem, bo na waar die lug is.




Toe hulle die oppervlak van die water bereik het 'n vreemde ding gebeur.

Hulle sterte het in twee verdeel en hulle het bene met voete en tone gekry.

Net onder hulle koppe het twee arms uit gegroei met hande en vingers.





Hulle was nie meer slange nie maar Man en Vrou.



"Ons sal ons huis in die heuwels maak," het die Vrou gesê. "Elke oggend sal ons die son sien opkom en dit warm op ons rûe voel."

"Ons sal na die gras en die bome omsien," het die Man gesê. "En ons sal vriende wees met elke Voël en Dier."



"Kom," sê die Eerste Man.

"Ek kom," sê die Eerste Vrou.

En hulle gaan toe saam die nuwe wêreld binne.

Die Eerste Man en Eerste vrou

Writer: Southern African Folktale

Illustration: Jemma Kahn

Translated By: Ezelle van den Berg

Language: Afrikaans



The inspiration for this retelling came from Diana Pitcher's version of the folktale in *The Calabash Child: African Folktales* (Skilton & Shaw, 1980).

© African Storybook Initiative, 2014



This work is licensed under a Creative Commons Attribution
(CC-BY) Version 3.0 Unported Licence

Disclaimer: You are free to download, copy, translate or adapt this story and use the illustrations as long as you attribute or credit the original author/s and illustrator/s.

Saide 
South African Institute
for Distance Education

www.africanstorybook.org
A Saide Initiative